Palmalarm

Nuusbrief van Privaatskool Elnatan

Omsendbrief nr. 8 | Belê in die toekoms deur kinders lief te hê en hulle goed te onderrig. | 3 Maart 2017

Geagte Ouers

Uit die kantoor

Lewenswetenskappe

Ons staan alweer voor 'n groot uitdaging om 'n vakature op ons personeel gevul te kry. Juffrou Nina het bedank met ingang Junie, na die geboorte van hulle eersteling. Ons vra ouers se hulp asook hulle voorbidding dat ons 'n geskikte persoon sal vind om Lewenswetenskappe aan te bied.

Napso

Ons was verlede naweek in Windhoek waar ons onderwysers vakvergaderings bygewoon het. Dis saam met mede-kollegas van ander NAPSO-skole waar daar sake van gemeenskaplike belang bespreek is. Die NAPSO-Hoofbestuur het ook vergader en NAPSO se drome om 'n stelsel inspekteurs in plek te stel, is opnuut beklemtoon. Tot tyd en wyl dit gaan realiseer gaan daar met vakvergaderings voortgegaan word.

Ons het ook by die geleentheid afskeid geneem van Neil Prinsloo as Hoof Uitvoerende Beampte van NAPSO. Neil is aangestel as Bedryfsbestuurder van Privaatskool Moria. In sy plek is Tony Tripodi, die huidige hoof van Gobabis Gimnasium, aangestel. Ons aanvaar dat die hoofpos van Gobabis Gimnasium eersdaags adverteer gaan word. Privaatskool Elnatan wens hierdie here geluk en sterkte in hul nuwe poste toe.

Ek dink dit is belangrik dat ouers moet kennis neem dat die **2018 NAPSO-Privaatskolenaweek van 30 Mei tot 2 Junie 2018, in Otjiwarongo, deur Edugate Academy** aangebied gaan word. Ek doen 'n beroep op ons ouers om so spoedig moontlik reeds verblyfreëlings te tref.

Diefstalle

Ons is onlangs gekonfronteer met diefstalle in die koshuis en op die terrein. Dit blyk dat selfone, skootrekenaars, eetgoed en geld van die gesogte items is en daarom is besluit dat die polisie by alle gevalle betrek sal word. Ons hoop om met hierdie maatreëls die misdadigers op hok te slaan. Ek versoek dat leerlinge meer verantwoordelikheid aan die dag sal lê en hul boeksakke en skootrekenaars nie op die vlak sal laat lê nie. Tye het verander en ons sal almal meer oplettend en paraat moet wees om ons eiendom te beskerm.

Ouerdag

Die ouerdag vir Junior Primêr is vandag en 'n datum vir 'n ouerdag vir die res van die skool sal na die termynbreek deurgegee word.

Studie- en loopbaanmoontlikhede

Ek herinner net weer dat Prestige Academy van Kaapstad ons op 6 Maart 2017 kom besoek en Noordwes Universiteit (PUK) op 16 Maart. Beide instansies kom stel loopbaanmoontlikhede en studiegeleenthede aan ons leerlinge bekend.

Streeksbyeenkoms

U word hartlik uitgenooi om die Streeksbyeenkoms van die hoërskole, môre 4 Maart 2017, by te woon om sodoende ons atlete en ouers te ondersteun. Die verkope van die eet- en drinkgoed van hierdie dag sal ten bate van die eerste rugby- en netbalspanne se toerfonds gaan.

Winterdrag

Bestellings vir skooltruie, baadjies en skoolserpe vir die komende winter moet geplaas word by Amelia by 081 2975646 sodat ons dit betyds kan bestel. Indien u nie seker van die groottes is nie, kan u kind dit in die Palmboetiek kom aanpas.

Finansiële Kantoor

Let asseblief daarop dat alle skool- bus- en Palmpikkiegelde voor die 7de van elke maand betaal moet wees. Rapporte/Vorderingsverslae sal nie aan leerlinge met uitstaande rekeninge oorhandig word nie.

Wynveiling

Hierdie jaar se wynveiling vind op 7 Junie in Windhoek plaas. Die koste van kaartjies beloop N$450.00 per persoon. Christo & Kobus van Die Broers is die gaskunstenaars en Jean Engelbrecht sal die aand saam met ons geniet. Borge word nog gesoek vir die vliegkaartjies, dekor en klank en enige ander bydraes sal waardeer word. Kontak asseblief vir Heletjè by 0812724666.

25 Jarige feesvierings

Die reëlings van Elnatan se 25-jarige feesvierings het al begin vorm kry. Indien u enige idees, borge of hulp kan aanbied, kontak Louisa Campbell by 0812819074.

Ons dank aan ons Hemelse Vader vir reën wat geval het en ons vertrou dat daar nog voldoende reën sal val.

Elnatangroete

Dekker Vermeulen

Afwesighede vir die week

Skool	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Totaal
Jnr. Primêr	0	2	2	0	3	7
Snr. Primêr	1	2	2	2	5	12
Hoërskool	6	3	4	4	9	26
						45

Belangrike Datums

6 Maart	**Prestige Academy Besoek**
16 Maart	**Pukke besoek**
11 Maart	**Streeksbyeenkoms Laerskool O/11 & O/13 Atletiek Mariental**
17 Maart	**Skool sluit**
24-25 Maart	**NAPSO Atletiek Swakopmund**

UIT DIE WOORD

* Werp al jul bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. (1 Pet. 5:7)
* Hou kommer uit jou hart en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen. (Pred. 11:10)
* Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou. (Jes. 41:10)
- Die Here is naby: Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed En smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe Gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. (Fil. 4:5-7)

WYSE WOORDE

~ 'n Kilogram bekommernis sal nie een gram van jou skuld betaal nie. (John Ray)
~ Elke oomblik van bekommernis verswak die siel in sy daaglikse stryd. (Henry Wood)
~ Wat presies doen bekommernis? Dit neem nie die seerkry uit die wêreld weg nie; dit laat net vandag sy krag verloor. (Warren)

~ Elke aand gee ek my bekommernisse oor aan God. Hy gaan in elk geval die hele nag wakker wees. (Mary C Crowley)
~ As môre se vrag vandag saam met gister s'n gedra word, laat dit selfs die sterkste swig. (Harvey Cushing)

SAKE VIR GEBED:

- Mag ons Vader ons seën met reën en groen weivelde asook wysheid om Sy handewerk te onderhou.
- Ons dink aan leerlinge en ouers wat siek is en operasies moet ondergaan. Vir seën en wysheid aan elkeen in 'n gesagsposisie in ons ouerhuise, skole, regering, sowel as vir ons buurland en hul boeregemeenskap.
- Oom Freddie vra vir gebed vir krag en wysheid, en kom ons bid ook vir mekaar daarvoor in 'n tyd waain ons daagliks voor groot besluite en gebeure te staan kom.